Beste verkenner,

Het jy al ooit 'n kaart en kompas gebruik? Weet jy hoe om te soek? Weet jy waarna jy soek? Het jy al ooit gekry waarna jy soek? En indien nie, weet jy waar om te begin?

Nou nooi ek elkeen van julle hartlik uit om hierdie jaar saam met my die avontuur van die onbekende aan te pak. Die leidrade is oral om jou, so wees oplettend. Stof jou skoene af, bring jou buite-die-boks-dink vermoë en kom speel saam!
Daar is 'n paar dinge wat jy sal moet saambring om te deel in die pret...

Heel eerste moet jy die toep ("app") *Discord* aflaai en die QR kode skandeer om deel te wees van die Rhus keeti-kanaal. *Discord* skep 'n privaat kommunikasiestelsel waar julle in kursusverband met mekaar kan gesels, foto's en video's deel en nog vele meer. Al die inligting wat jy gaan nodig kry om te weet wat aangaan op die kamp sal hierop gedeel word.

Jy wil seker betyds voorberei vir die kamp. Gebruik gerus die lysie om te verseker dat jy die regte dinge in jou tas pak:

- ☐ Natuurlik pak jy eerste jou ***donkerblou denim en Voortrekker-gholfhemp*** in, anders gaan dit maar sukkel-sukkel gaan op ons besondere seremonies;
- ☐ Daarna moet jy ***klere vir elke dag*** saambring – onthou dit kan lekker warm wees deur die dag, maar net so koud in die aande. *Meisies, julle mag geensins spaghetti-bandjie hempies aantrek nie* – ons hou nie van blase op die skouers nie. Sorg dat julle hemde moue het wat die son wegkeer;

- ☐ Jy gaan ook jou ***handdoek en wasgereedskap*** nodig hê om weer skoon te kom;
- ☐ Jy moet uitgetrapte ***stapskoene*** (soos tekkies) saambring. Ons gaan jou nie toelaat om in die veld rond te loop met plakkies nie – geswikte enkels en beserings aan die voete is ongerieflik vir 'n week in die veld;
- ☐ Bring maar 'n ***reënjas*** saam asook genoeg ***warm klere***;
- ☐ As die water nie val nie, dan skyn die son en dit het ***sonbrandroom*** nodig;
- ☐ Bring maar ***muskietweermiddel*** en gebruik dit gereeld;
- ☐ Onthou om jou ***eetgerei*** in te pak, anders moet jy vir 'n week met jou vingers eet. Bring ook 'n ***waterbottel*** saam;
- ☐ Jou ***slaapgoed*** is ook belangrik om genoeg rus te verseker - dit raak koud in die nag in die Waterberge. As gevolg van beperkte pakplek vra ons dat geen kampbeddens saamkom nie, maar jy mag wel `n stapmatras saambring;
- ☐ In die nag is dit pikgietswart donker – jy gaan definitief nie jou tent opspoor sonder 'n ***flits met genoeg batterye*** nie;
- ☐ Jou ***selfoon en laaier***;
- ☐ Jy moet asseblief ***enige kledingstuk/ke*** (hoede, broeke, hemde, ens) saambring waarop jy ons kamp se spesiale logo permanent kan druk sodat jy nooit die kamp vergeet nie;
- ☐ Jy slaap in jou eie klein ***tentjie***, of saam met 'n paar van jou maats – tref asseblief die nodige reëlings onder mekaar; en

Jy kan maar die volgende by die huis los:

- ➢ Sigarette, vapes, e-sigarette en alkohol – klink erg, maar dit sal jou ongelukkig weer op jou pad huistoe stuur en jou ouers gaan nie beïndruk wees met die ekstra rit nie;
- ➢ Enige ander dinge waaroor jy dalk gaan skaam kry as jou ouers of offisiere dit by jou kry.

Dan is daar nog 'n paar dingetjies waarsonder jy nie sal kan klaar kom by Sterrekunde nie:

- Skêr
- Jou pennesakkie toegerus met penne (swart, rooi, blou, potlode, lineale, gom (Prit en bostik.)
- Swart hardeband boek – die dun een is reg
- Flipfile met 20 sakkies

- Swart merkpen te kry by kunswinkels
- Skoot rekenenaar - laai Stellarium af (as jy nie een het nie sal ons deel-bring dan ‘n datavinger om die sagteware huis toe te neem)
- Verkyker as jy een het
- Stapskoene wat enkels bedek of gumboots, ons stap in die nag in die bos.
- Kouse om saam met die skoene te dra, nie "secret socks" nie.
- Langbroek vir stap in die bos.
- Jy kan jou eie teleskope saambring (alle toerusting op eie risiko)
- Klein thermosfles
- Laai Daff moon, Google sky of soortgelyke toep op jou foon af
- Rooi ballon
- Groen laser (as jy een het) – as jy een wil koop, kan jy die kursusleier whatsapp op 084 405 4005
- ‘n Bottel 70% handsaniteerder – nie jel nie – om hande gereeld te reinig en teleskoop voor en na gebruik skoon te maak
- ‘n Pakkie “wetwipes”
- ‘n Skoon masker vir elke dag
- Spaar batterye vir jou flits
- Ou stel klere vir verf
- Verfhandskoene (tuinhandskoene of latex handskoene)

Vervoerreëlings:

Nou ja, as jy klaar ingepak het, moet jy nie tyd verspeel om op die kamp te kom nie. As jou ouers jou self op die kamp gaan aflaai, moet jy asseblief toesien dat julle nie later as 11:30, Saterdagoggend 25 Maart 2023 op die kamp arriveer nie. As julle nie weet hoe om daar te kom nie, volg gerus die skakel: https://www.google.com/maps/place/Rhus+keeti+Veld-+en+Avontuurkamp/@-24.353123,28.368253,15z/data=!4m5!3m4!1s0x0:0x67d360bc90ce4cfe!8m2!3d-24.353123!4d28.368253. Jou ouers kan jou weer Saterdag 1 April 2023 om 12:00nm, net na ons laaste seremonie, oplaai.

As jy in die bus spring, moet jy ons asseblief op Saterdag, 25 Maart 2023 om 7:30vm by die Voortrekker Monument se parkering ontmoet. Onthou asseblief dat spasie beperk is. Die busdiens weier om groot weermagtente en fietse te vervoer. Ons maak gebruik van P. Bier busdiens en die bus is dienooreenkomstig gemerk. Met ons terugkoms van die kamp af, behoort julle

so tussen vier en vyf uur weer op dieselfde plek afgelaai te word. Tref asseblief die nodige reëlings met jou ouers om jou weer op te laai.

As jou ouers die kamp dringend moet kontak gedurende die week, kan hulle ons bel by 072 373 4636 of 073 866 6639.

Ten laaste moet jy jouself goed voorberei vir die grootste avontuur van jou lewe! Bring hope en hope energie!

Onthou asseblief dat hierdie kamp onder die reëls en regulasies van Die Voortrekkers: Transvaal geskied en dat dissipline hiervolgens toegepas sal word.

Sien jou een van die dae!!

Voortrekkergroete,

Charl
Kampleier